Tel: 021 554 1290
Faks: 086 591 5147
ngkblouberg@mweb.co.za
www.ngkbloubergstrand.co.za

NG Kerk Bloubergstrand
ABSA Tjek rek nr: 327 014 0539
Takkode: 334409
Snapscan Kode

18 Februarie 2018

Eredienste:
08h30: Ds Elmarie Dercksen (Openbaring 1) – Nagmaal
10h00: Ds Elmarie Dercksen (Openbaring 1) – Doop
18h00: Ds Thinus Britz (Matt 19:13 - 30)

Kom drink saam koffie na die diens in die kerksaal.
Kom drink saam koffie na die diens in die kerk.

DEURKOLLEKTE: CAB Atlantis Westfleur 25 Februarie 2018

NUWE INTREKKERS
Baie welkom aan al ons nuwe intrekkers! Ons hoop julle voel baie welkom by ons. Indien jy nog nie jou lidmaatskap amptelik na ons verskuif het nie, voltooi gerus 'n lidmaatskapvorm (in die voorportaal).

DOOP
Jaques en Christine Smith doop hul baba, Kara (gebore 10 Jul 2017).
Andrew en Lucia Laferla doop hul baba, Lincoln Andrew (gebore 25 Jan 2017).
Baie geluk!

KOOROEFENING
Paassangdiens se kooroefeninge begin op 27 Feb om 19:00 – 20:30. Kom sing saam! Navrae: Ds Elmarie

PRETSTAP SKENKINGS
Elke jaar kry ons dit reg om pryse en geskenksakkies weg te gee. Dis natuurlik net moontlik deur die getroue bydraes van ons Gemeente. Baie dankie hiervoor!! 😊 Ons wil graag weer pryse en geskenksakkies by die pretstap uitdeel. So nou wil ons weer vra as jy enige iets het om as prys te gee of kleiner items wat ons in die geskenksakkies kan sit, bring dit asb na die kerkkantoor. Ons wil graag 100 geskenksakkies weggee. Navrae: Franselene 021 554 1931 / kommunikasie@ngkbloubergstrand.co.za

Nuwe Intrekkers: Kom sê "hallo" vir ons in die konsistorie na die diens.
Gebedsversoeke: 082 451 3312 – SMS of W*hatsapp*
Ds Thinus: thinus@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Elmarie: elmarie@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie: marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

AANDDIENS PREEKREEKS 18:00
Die Jesus-styl: nie WAT nie, HOE
18 Feb: Glo soos 'n kind
25 Feb: Soos die jongste
4 Mrt: Wees laaste
11 Mrt: Wees die minste
18 Mrt: Nie met mag of krag nie
25 Mrt: Geen ambisie, geen reputasie

JUNIOR JEUG KALENDER

18 Feb Lessie 8	24 Feb PRETSTAP	25 Feb Lessie 9	04 Mrt Gebedsdag
11 Mrt Lessie 10	18 Mrt Lessie 11		

JONGWERKENDE KUIER – 21 FEB
Kom kuier saam met ons 21 Feb 19:00 vir 'n lekker kaas en wyn aand. Leer ken 'n paar nuwe mense en geniet sommer 'n lekker aandjie saam. Bring net jou eie drinkgoed asb. 😊. As jy nog nie deel is van 'n selgroep nie, is jy ook welkom! Navrae: ds Marietjie marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

KATEGETE
Ons is nog opsoek na aflos kategete vir Junior Jeug. So as jy dalk nou en dan wil help om 'n Junior Jeug klassie aan te bied, kontak asb vir ds Marietjie.

GEBEDSDAG 3 MAART

Ons sendeling, Zanna Kirsten, kom kuier in Maar ten bring ook vir Graham Wells van OM (Operasie Mobilisasie) saam! Op 3 Mrt gaan ons 'n heerlike gebedsdag by die kerk hou. Die tema is Pret-Gebed, en ons gaan met speletjies, kuns, temas en ander maniere intimiteit met God herontdek en geniet. Kom leer iets nuuts in 'n veilige omgewing. Jy kan slegs een 90-minuut sessie bywoon of almal ☺.

Sessie 1: 08:00 – 09:30
Sessie 2: 10:00 – 11:30
Sessie 3: 12:00 – 13:30
Sessie 4: 16:00 – 18:00

Navrae: ds Elmarie Dercksen 083 276 4944

ECHO ETES

Elke tweede Donderdag eet die Echo gemeenskappe van Table View en Durbanville saam by die Table View Echo-huis. Ons is op soek na vrywilligers wat bereid sal wees om vir 15 mense kos te maak en af te lewer by die huis in Table View. Daar eet seker so 30 mense saam, maar hoe meer vrywilligers ons het, hoe minder hoef julle kos te maak. Ons sou julle ook finansieel kon vergoed indien nodig. As jy vrae het of wil help, kontak asb. vir Marietjie by 083 461 1220 of marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

PREEKBEURTE

T – Thinus Britz E – Elmarie Dercksen M – Marietjie Steyn

	08h30	10h00	18h00	Opmerkings
25/02/2018	T	T	M	Deurkollekte: CAB Atlantis Westfleur
04/03/2018	M	M	E	Doop 10h00 diens
11/03/2018	T	T	M	
18/03/2018	T	T	M	